

Graan SA Weeklikse Oliesade Mark Kommentaar

	DATUM 2019/10/14		DATUM 2019/10/11		+ - WEEK GELEDE 2019/10/07		+ - MAAND GELEDE 2019/09/16		+ - JAAR GELEDE 2018/10/15	
	Data		Data		Data		Data		Data	
	Δ	Δ%	Δ	Δ%	Δ%	Δ%	Δ%	Δ%	Δ%	Δ%
Brent (\$/b)	59.98	0.44 ↑	0.7%	59.54	3.0%	58.26	-11.2%	67.58	-26.0%	81.03
US\$: ? ZAR	14.74	-0.27 ↓	-1.8%	15.01	-2.1%	15.06	0.8%	14.63	2.6%	14.36
ΔCBOT Mielies 8vm : 12nm*	R 2 307.20	61 ↑	2.7%	R 2 246.65	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Corn Dec + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Koring 8vm : 12nm*	R 2 751.34	32 ↑	1.2%	R 2 719.01	*CBOT Dec cents / bushel + -08:00 today vs CBOT Wheat Dec + -12 : 00 the previous day					
ΔCBOT Soja 8vm : 12nm*	R 5 069.40	-23 ↓	-0.5%	R 5 092.76	* CBOT Nov cents / bushel + -08 : 00 today vs CBOT Soybeans Nov + -12 : 00 the previous day					
Jongste CBOT pryse tydens oornagverhandeling (Aangeteken tussen 06:00 - 07:00 vm teenoor 12:00 vm die vorige handelingsdag)										
Mielies Dec '19	397.60	17.40 ↑	4.6%	380.20	3%	384.60	6%	374.00	-3%	408.00
Koring Dec '19	508.00	15.00 ↑	3.0%	493.00	4%	490.40	4%	488.60	-13%	586.60
Sojabone Nov '19	936.00	12.60 ↑	1.4%	923.40	2%	916.20	4%	900.00	-2%	952.20
Jongste MTM-pryse (Aangeteken om 12:00 die vorige handelingsdag SPOT = naaste kontrakmaand (Rand/ton))										
SORGHUM Spot '19	3469.00	0 ↑	0.0%	3469.00	0.0%	3469.00	0.0%	3469.00	-5.0%	3650.00
WMAZ Spot	2907.00	-30 ↓	-1.0%	2937.00	1.5%	2865.00	5.0%	2769.00	23.0%	2363.00
WMAZ Dec '19	2945.00	-31 ↓	-1.0%	2976.00	1.0%	2917.00	4.1%	2830.00	22.7%	2400.00
YMAZ Spot	2815.00	-51 ↓	-1.8%	2866.00	1.3%	2780.00	6.7%	2638.00	17.3%	2400.00
YMAZ Dec '19	2850.00	-50 ↓	-1.7%	2900.00	1.0%	2821.00	6.0%	2688.00	16.8%	2441.00
SOY Spot	6021.00	-25 ↓	-0.4%	6046.00	0.4%	6000.00	6.4%	5660.00	30.9%	4598.00
SOY Dec '19	6018.00	-40 ↓	-0.7%	6058.00	-0.3%	6037.00	5.7%	5694.00	28.8%	4673.00
SUN Spot	5650.00	-88 ↓	-1.5%	5738.00	-0.8%	5695.00	7.3%	5265.00	11.6%	5062.00
SUN Dec '19	5775.00	-84 ↓	-1.4%	5859.00	-0.7%	5818.00	6.8%	5406.00	12.5%	5133.00
WHEAT Spot	4502.00	-43 ↓	-0.9%	4545.00	-1.4%	4566.00	-1.3%	4559.00	2.7%	4385.00
WHEAT Dec '19	4583.00	-32 ↓	-0.7%	4615.00	-0.7%	4615.00	2.2%	4484.00	2.9%	4456.00
OLIESADE (US\$/ton)	2019/10/11	Bron: Oilworld			2019/10/04	2019/03/22	2018/04/30			
Soya-oil, Arg.	657	↓	-0.5%	660	↓	-4%	685	↓	-3%	676
Soya-pell, Arg.	311	↑	2.6%	303	↓	-5%	326	↓	-15%	368
Soybean, USA	385	↑	0.5%	383	↑	2%	379	↓	-6%	410
USA Runner 40/50	1350	↑	1.9%	1325	↑	4%	1300	↑	4%	1300
Sun-oil, Arg.	690	↓	-2.1%	705	↑	4%	665	↓	-14%	800
Sun-oil, Black Sea	690	↓	-0.7%	695	↑	2%	675	↓	-8%	750
Sunseed,Black Sea	335	↑	0.0%	335	↓	-9%	370	↓	-18%	409
Rapeseed, EU cif	430	↑	1.2%	425	↓	3%	417	↑	8%	399
Palmk oil Mal, EU	585	↑	1.7%	575	↓	-19%	720	↓	-44%	1037

JONGSTE MARK INLIGTING TOT 23:00 (RSA TYD) SOOS VERKRY VAN VERSKEIE MARKVERSLAE

Sojabone: Die wêreld vraag en aanbod balansstaat van oliesade oor die algemeen is nou baie meer onder druk wat die teenoorgestelde is van verlede seisoen se oorskot oliesade wat in die wêreld konteks beskikbaar was. Die nuutste verslae toon aan dat die wêreld sojaboon aanbod ongeveer 7 miljoen ton laer is as wat 'n maand gelede geskat was. Daar was 'n afwaartse aanpassing in die Amerikaanse eindvoorraad vir die 2018/29 seisoen van ongeveer 2 miljoen ton. Die nuwe seisoen se produksieverwagtinge is ook nog baie onseker. Daar is steeds groot risiko dat koue skade die produksie in die VSA negatief kan beïnvloed. In sommige gedeeltes van die VSA vertraag dit reeds die stroop proses van sojabone. In Brasilië en Argentinië is die huidige droë toestande wat daar heers 'n bekommernis aangesien dit die sojaboon aanplantings in hierdie lande vertraag. Die Amerikaanse sojaboon produksie vir die seisoen word op 96 miljoen ton geskat vir die seisoen wat 24 miljoen ton laer is as die vorige seisoen se produksie en dit sal ook die laagste sojaboon oes in 6 jaar in die VSA wees. In Brasilië word gerapporteer dat nog net 3% van die sojaboon oppervlakte aangeplant is en dit is die stadigste tempo die afgelope 6 jaar is. Verlede jaar was 9% van die Brasiliaanse sojabone aangeplant teen hierdie tyd van die seisoen. In Argentinië is die verwagting dat die sojaboon oppervlakte vir die seisoen effens meer behoort te wees as wat aanvanklik verwag was. Die weerstoestand daar sal ook 'n belangrike bepalende faktor wees vir die oppervlakte wat werklik aangeplant sal word. Die verwerking van sojabone in die VSA, Brasilië en Argentinië neem toe en dus is die verwagting dat die sojaboon olie produksie in die 2019/20 seisoen ongeveer 1 miljoen ton hoër behoort te wees as in die vorige seisoen. Die verwagting is dat die biodiesel produksie in die VSA ook steeds sal toeneem in die komende seisoen en dus die Amerikaanse uitvoerbare voorraad redelik laag sal hou. Argentinië behoort dus steeds die grootste uitvoerder van sojaboon olie in die 2019/20 seisoen te wees. Die bekommernisse rakende die Amerikaanse sojaboon produksie het die Amerikaanse pryse ondersteun en dit het weer 'n oorspoel effek gehad op die sojaboon meel pryse. Die Amerikaanse en Argentynse sojaboonmeel pryse is ongeveer 3 – 4% hoër as die gemiddelde pryse vir September. **Plaaslik:** Die plaaslike sojaboonmark het verlede week gemeng verhandel met van die kontrakte wat ondersteuning gevind het terwyl ander kontrakte laer gesluit het vir die week. Die plaaslike verwerking van sojabone lyk steeds goed en dit behoort druk te plaas op die beskikbare voorraad later in die seisoen.

Sonneblomsaad: Die wêreld sonneblomsaad produksie behoort 'n nuwe rekord van 53.6 miljoen ton te bereik in die 2019/20 seisoen. Dit is 1.5 miljoen ton meer as die vorige seisoen se produksie en ongeveer 6.5 miljoen ton meer as die 5 jaar gemiddelde produksie. Die nuwe rekord kan hoofsaaklik toegeskryf word aan die rekord produksie wat in die Swartsee streek verkry word. In Rusland word daar baie goeie opbrengste gerapporteer en die totale produksie is opwaarts aangepas vanaf die vorige skatting. Die verwagting is dat die Russiese sonneblomsaad produksie selfs nog hoër aangepas kan word as die huidige skatting. In die Oekraïne vorder die stroop proses van sonneblomsaad ook goed en die opbrengste wat daar verkry word is ook goed. Die Oekraïne behoort hierdie seisoen ook 'n nuwe rekord produksie te hê met die totale produksie wat nou op 15.5 miljoen ton geskat word. In die res van die wêreld is die verwagting dat die sonneblomsaad produksie vir die 2019/20 seisoen laer behoort te wees as wat aanvanklik verwag was. Die verwagting is dat die verwerking van sonneblomsaad in die Swartsee lande goed sal toeneem in die komende seisoen en dat hierdie lande die grootste rolspelers sal wees in terme van sonneblomsaad olie en oliekoek uitvoere. Die uitvoere van sonneblom olie behoort ook toe te neem in die 2019/20 seisoen gegewe die groot vraag na groente olies in die internasionale konteks. **Plaaslik:** Die plaaslike sonneblomsaad mark het verlede week gemeng verhandel met van die kontrakte wat ondersteuning gevind het terwyl ander kontrakte onder druk gekom het vir die week.

Kanola: Die wêreld kanola produksieverwagtinge vir die 2019/20 seisoen het verder verswak hierdie week met die weerstoestand in Kanada en Australië wat ongunstig is. In Australië het warm en droë toestande die produksie potensiaal laat taan, terwyl oornat toestande in Kanada die stroop proses en ook die opbrengsverwagtinge onder druk plaas. Die totale wêreld produksie van kanola behoort hierdie seisoen te daal tot 'n 8 jaar laagtepunt van 61.9 miljoen ton. In Kanada is daar steeds groot kanola voorrade beskikbaar wat dien as 'n buffer teen die impak van die laer verwagte wêreld produksie. **Plaaslik:** In die plaaslike mark is die kanola stroop proses aan die gang. Die seisoen se uitdagende weerstoestand het weer sy tol geëis op die opbrengspotensiaal vir die seisoen.

Grondbone: Die wêreld grondbone produksie vir die 2019/20 seisoen word op 30 miljoen ton geskat wat ongeveer 700 000 ton meer is as die vorige seisoen se produksie. In die VSA is die stroop proses van grondbone aan die gang en dit word op 41% voltooi gerapporteer. Dit is beter as die 5 jaar gemiddelde tempo van 30% voltooi teen dieselfde tyd van die seisoen. Die produksietoestand van grondbone word op 54% goed tot uitstekend geskat wat 1% swakker is as die vorige week se produksietoestand. **Plaaslik:** In die plaaslike mark begin die grondboon plantseisoen aanbreek. Die weerstoestand sal weereens die grootste bepalende faktor wees vir die seisoen se aanplantings.

Vir enige navrae, kontak asb: Luan van der Walt, E-pos: luan@grainsa.co.za